

SPOGLAMPIES uit die Ooste

Gee jou huis 'n tikkie Oosterse bekoring met dié lampies. Saamgestel deur Linda van der Spuy

Die patroonpakket sluit vyf verskillende ontwerpe vir lampies in. Vogue-patroon 2056.

Mate

13 mm (1,3 cm-) naattoelating ingesluit.
Let wel: Die patroon is nie vir duidelike diagonale ontwerpe geskik nie.
Voltooide lampie is 63,5 cm lank.
Die lampie bestaan uit 'n selfgemaakte draadraam, materiaalootreksel, kralerwerk en tossel.

Benodigdhede

- Geskikte materiale: sy, kant of enige ander dun materiaal - 0,7 m (115 cm breed) of 0,5 m (150 cm breed).
- een 10 cm-bypassende tossel
- een 25 mm-dekoratiewe kraal
- 0,3 m belegsel
- 2 m koord met 'n deursnee van 3 mm
- 2,1 m draad met 'n deursnee van 2,7 mm
- een 15 mm-, twee 25 mm-, een 26 cm- en twee 36 cm-metaalringe
- isoleerband, gloeilamp (25 watt of minder),
- kontak sok, elektriese koord, muurprop en 'n draadsnyer

Maak só

1. Trek blokke van 10 x 10 cm op koerantpapier en trek patroon af OF vergroot die patroon op die fotostaatmasjien met 200% en vergroot nog 'n keer sodat elke blokkie 1 cm groot is.
2. Knip die patrone uit, lê die patrone op materiaal. Steek met spelde vas en knip aangeduide hoeveelheid van elk uit.
3. **Lampskerm:** Vir die raamwerk van die lamp, knip vyf stukke draad van 39,5 cm lank. Buig die punte van die draad om, om hakies te vorm.
4. Glip hakies van een kant oor 15 mm-metaalring. Versprei egalig en verstewig hakies om in posisie te bly.
5. Glip hakies aan ander kant oor 26 cm-metaalring. Versprei egalig en verstewig hakies om in posisie te bly.
6. Laat die raam, met die groot metaalring onder, op 'n plat oppervlak staan. Druk op boonste klein metaalring om 'n effens geboë vorm te kry.
7. Vou elke kantpaneel onder op voulyn om en pars. Stik vyf kantpanele in Franse some aan mekaar en eindig teen klein kolle. Franse some word soos volg gestik: Stik verkeerde kante 6 mm vanaf soomlyn binne naattoelating teen mekaar en knip soom naby aan stiklyn weg. Met regte kante op mekaar, pars al langs soompie oop en stik dan op soomlyn om rafelrande te omvou. Pars some na een rigting.
8. Dop uit en ryg onderste soom naby aan rand in. Knoop stewig vas en knip die gare.
9. Vou 6 mm van boonste rand in en pars. Pas draadraam in lampskerm sodat dit teen die nate rus. Vou boonste rand om draad en werk onopsigtelik met die hand toe. Trek materiaal styf soos jy werk.
10. **Lampkap.** Stik boonste waaierpatroon in Franse some aan mekaar vas. Pars soom na een rigting.

Foto's Butterick (Edms) Bpk.

11. Stik 6 mm binne sirkel van voering 3. Met regte kante op mekaar, sentreer voering 3 oor middelopening in patroon 2, pas simbole op mekaar. Stik 'n 6 mm-soom van buitesirkel en knip naby aan soom weg. Plaas 25 mm-metaalring oor opening in verkeerde kant. Draai voering oor metaalring en vou onafgewerkte rande onder ring in. Werk vas teen ring.

12. Stik 6 mm van buitenste rand op patroon 2 en vou egalig al langs stikwerk in en pars. Sentreer patroon 2 oor 36 cm-metaalring en vou rand oor ring. Werk so naby as moontlik aan metaalring vas. Trek materiaal styf soos jy werk.

13. **Werk so af.** Ryg 'n 12,5 cm koord deur tosellussie. Maak punte gelyk en ryg kraal deur. Werk koord aan onderste punt van lampskerm vas.

14. Sny twee koorde 76 cm lank en een koord 38 cm lank. Knoop kort koord aan 25 mm ring vas en ryg twee langer koorde deur en maak punte gelyk. Ryg koorde deur opening in lampkap (patroon 2) en steek teen vyf boonste nate van lampskerm (patroon 1) vas. Verleng of verkort koorde om reguit te hang en knoop punte. Werk teen lampskerm vas. Knip orige koord af.

15. Knip 15 cm van koord af en draai stewig om vyf koorde aan bopunt, naby klein ring en werk vas. Monteer elektriese koord en gloeilamp volgens vervaardiger se instruksies. Die gloeilamp moet nie aan die materiaal raak nie. □

